


Die ouerskapsfase



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Genesis 18:11; Jeremia 31:25; Matteus 11:28; Psalm 127; Spreuke 22:6; 1 Samuel 3:10-14 en Filippense 3:13.

Geheeteks:

“Kinders is ’n gawe van die Here; die vrug van die moederskoot is ’n beloning” (*Psalm 127:3, NLV*).

Geboortes is iets wat daaglik plaasvind. Dit is so ’n doodnormale verskynsel dat ’n mens maklik die wonder van nuwe lewe miskyk; maar dink net aan Eva, toe sy klein Kain die eerste maal vasgehou het. Dink net aan al die nuwe liggaamlike ervarings wat sy beleef het terwyl die seuntjie binne-in haar gegroei het. Dink ook aan die onuithoubare pyn van kindergeboorte, en skielik is die kindjie daar! Hy lyk nogal baie na haar en Adam. Tog is hy so weerloos. Dink net hoe dié ervaring vir Sara moes gewet het. Sy was seker in absolute verwondering oor klein Isak – die kindjie wat sy as ’n bejaarde vrou in haar negentigs gehad het, en dit na jare van onvrugbaarheid. Sy het seker elke keer gelag wat sy sy naam gesê het. En dan is daar Hanna. Wie weet hoe lank sy moes gebid het voordat sy haar eie seuntjie, Samuel, kon vashou en sê: “Om hierdie seun het ek gebid, en die Here het aan my gegee wat ek van Hom afgesmiek het” (*1 Sam. 1:27, NAB*). Dan is daar al die baba-herinnering in die bloedjunge Maria, daar waar sy met ’n mengsel van verwondering en vrees haar seuntjie – maar eintlik die Seun van God – vertroetel. Tog is die vreugdes en verantwoordelikhede van ouerskap nie iets wat almal beleef nie. In vandeeweek se les verken ons die ouerskapsfase en die uitdagings en bevrediging, en vreugdes en vrese, wat dit bring.

**Bestudeer heirdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 25 Mei.*

Kinders grootmaak en kinderloosheid

Lees Genesis 18:11, 30:1, 1 Samuel 1:1-8 en Lukas 1:7. In watter opsigte stem hierdie mense ooreen? Hoe het God hul onderskeie gebede verhoor?

Dit is waarlik 'n seëning om kinders te hê, maar om een of ander rede is ouerskap nie almal beskore nie. Party hoop en bid vir kinders, en dan verhoor die Here hul gebede uit sy grote genade (en soms m.b.v. 'n wonderwerk, soos dit die geval met Sara was); maar dan is daar ook diegene wie se smeekgebede oënskynlik geen reaksie ontlok nie. Elke keer wat vriende die Here loof omdat dié verwagting is of 'n kleinding tot die gesinnetjie toegevoeg het, krap dit ou wonde op en sê: Jy het nie kinders nie. Selfs onskuldige vrae soos: “Hoeveel kinders het jy?” maak geweldig seer. Die wete dat jy as kinderlose nog nie deel van daardie eksklusiewe klub is nie, selfs al wil jy so graag daarby aansluit, is besonder pynlik.

Diegene wat onder kinderloosheid gebuk gaan, kan egter vertroosting put uit die wete dat God 'n diepe begrip vir hul smarte het. Let op die psalmdigter se woorde. Aangaande God skryf hy: “My ellende het nie ongemerk by U verbygegaan nie, U het op my trane gelet. In u boek staan hulle opgeteken” (*Ps. 56:9, NAB*). Soms lyk dit asof God swyg. Tog sê die Bybel: “Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien” (*Ps. 103:13, NAB*).

Dan is daar ook diegene, wat om verskeie redes, bloot verkies om nie kinders te hê nie. In ons ou wêreld met al sy lyding, pyn, boosheid en 'n duisend dinge wat wag om skeef te loop, is dit tog te verstane dat party volwassenes nie nog mense op aarde wil byvoeg nie. Dan is daar ook diegene wat nie hul eie kinders wil hê nie, maar liewers ander wil aanneem. Sodoende kan hulle kinders grootmaak wat reeds hier is. Dikwels is daardie kinders beter daaraan toe as wat hulle sonder die aanneming sou wees.

Die wêreld is 'n ingewikkelde plek. Waarskynlik sal jy mense teëkom wat hulle in 'n magdom uiteenlopende posisies m.b.t. die hê of nie-hê van kinders bevind. Ten spyte van ons eie situasie m.b.t. hierdie kwessie is een ding seker: Ons weet dat God ons liefhet en ons beswil op die hart dra. Laat ons boonop altyd sensitief teenoor mense wees, wat ongeag die rede, nie kinders het nie.

Jesus het nooit enige biologiese kinders gehad nie. Watter lesse, indien enige, put 'n mens daaruit?

Die enkelouer

'n Algemene verskynsels waarmee ons deesdae te kampe het, is enkelouerskap. Gewoonlik is dit vroue wat hul kinders alleen moet grootmaak, maar soms is dit ook mans. Party meen dat enkelouerskap aan die doelbewuste verwekking van buite-egtelike kinders toe te skryf is. Tog is dit nie altyd die geval nie. Let byvoorbeeld op die bybelfiguur Hagar. Sy is figuurlik gesproke “in ’n blik gedruk” om ’n kind by Abraham te hê, net om later kind-en-al in die pad gestee te word (*Gen. 16:3, 4; 21:17*). Wat van Batseba, wat swanger geraak het na die seksuele toenaderings van ’n magtige man? (*2 Sam. 11:4, 5*). Let ook op die weduwee van Sarfat. God het Elia soontoe gestuur, om daardie enkelma te gaan help (*1 Kon. 17:9*). En wat van Jesus se moeder, Maria? Teen die tyd dat Christus met sy openbare bediening begin het, was sy grootmaakpa, Josef, reeds dood. Maria is dus as ’n weduwee en enkelma agtergelaat. “Die dood het haar van Josef geskei, die een wat die wonderbaarlike geboorte van Jesus meegemaak het. Nou was daar niemand met wie sy haar drome en vrese kon deel nie. In die twee maande na sy afsterwe het sy ongelooflik baie smart beleef” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 145).

Om ’n enkelouer te wees, is seker een van die uitdagendste take op aarde. Baie enkelma’s en -pa’s staar baie probleme in die gesig – soos om die geldsake alleen te moet bestuur, ongemaklike interaksies met die ander ouer, gebrekkige tyd vir hul eie belange of selfs vir stiltetyd, en die groot gewonder of hulle ooit weer liefde sal vind.

Watter beloftes kan enigeen, insluitende enkelouers, uit die volgende teksverse en skrifgedeeltes put? Jer. 31:25; Matt. 11:28; Jer. 29:11; Jer. 32:27; Spr. 3:5, 6 en Jes. 43: 1, 2.

Gemeentelede behoort saam te staan om enkelouers te help. Jakobus skryf: “Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan” (*hfst. 1:27, NAB*). In hier voege kan ’n mens ook byvoeg: “En om enkelouers uit die verknorsing te help.” Dit hoef ook nie noodwendig geldelike hulp te wees nie. Enkelouers kan ook ’n breuk gegun word deur ’n bietjie na hul kinders te kyk sodat die ma of pa ander take kan verrig, kan rus, kan bid of bybelstudie kan doen. ’n Mens kan ook hul kinders mentor of herstelwerk by hul huise doen. Op vele maniere kan ons God se hande ter ondersteuning van enkelouers wees.

Op watter konkrete maniere kan ’n mens enkelouers opbeur en hulle bystaan, maar sonder om hulle oor die redes vir hul enkelouerskap te veroordeel.

Kinders grootmaak: die vreugdes en verantwoordelikhede

Lees Psalm 127. Wat is die kernboodskap van hierdie kort psalm? Watter belangrike beginsels kan 'n mens daaruit put, beide vir jou innerlike en uiterlike lewe?

Wanneer jy jou gunsteling gereg maak, volg jy 'n resep. As jy al die verlangde bestanddele gebruik, en die metode stapsgewys volg, kom dit gewoonlik reg uit. Koskook en bak verskil egter hemelsbreed van kinders grootmaak. Kinders verskil van mekaar selfs al is dit net effens, en self al doen jy alles met die een presies soos jy dit met die ander gedoen het, is daar geen waarborg dat hulle dieselfde soort volwassenes gaan wees nie. Hierdie dinge is moontlik aan geslag, die volgorde waarin elkeen gebore is, hul aangebore temperament, asook 'n magdom ander faktore toe te skryf. Dit is God se plan dat ouers hul kinders reg moet leer en hul skrede in sy weë moet rig; ten einde 'n liefde vir, en gehoorsaamheid aan, God by hulle aan te wakker (*Deut. 6:4-9, Ps. 78:5-7*). God se groot voorskrif aan ouers is: “Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef” (*Spr. 22:6, NAB*) – en nie om die kind knaend te monitor sodat hy of sy nooit enige foute begaan nie.

Dit is die ouers se groot begeerte dat daardie plomp, weerlose tjokkertjie in 'n suksesvolle en onafhanklike volwassene sal ontpop. Tog moet ouers bowenal toesien dat die kind Jesus leer ken, dat hy of sy die Meester sal liefhê en Hom sal dien. Gelukkig het ons as ouers 'n Bybelse raamwerk vir die geestelike ontwikkeling van die kind, soos dit in Deuteronomium 6 uiteengesit word. Dit bevat vier vereistes waaraan die ouer moet voldoen: Dat ons bely dat “die Here ons God is” (*Deut. 6:4, NAB*); dat ons Hom opreg en innig sal liefhê (*Deut. 6:5*); dat ons sy Woord sal koester (*Deut. 6:6*); en dat ons ons kennis van die Here aan ons kinders sal oordra (*Deut. 6:20-23*). Voorts gee Deuteronomium 6 twee belangrike opvoedingsbeginsels. Ten eerste het ons die “praat-en-inprent”-beginsel (*Deut. 6:7*). Inprent dui op formele onderrig, terwyl 'n gesprek met die kind 'n informele soort leer is. In beide gevalle word bybelwaarhede binne die opset van die ouer-kind-verhouding oorgedra. Formele onderrig geskied tydens huisgodsdienste wanneer die Woord van God bestudeer word. Geleentheid vir informele onderrig is iets wat sommer deur die loop van die dag opduik, en is selfs belangriker as formele onderrig. Daaglikse voorvalle en gebeure kan besonder doeltreffend ingespan word om bybelwaarhede oor te dra (*Gen. 18:19*). Die tweede beginsel in Deuteronomium 6 is die “vasbind-en-skryf”-beginsel (*hfst. 6:8, 9*). In jou optrede (“aan jou hande”) en deur jou houding (“op jou voorkop”) verbind jy jou tot bybelwaarheid. Tog moet daardie waarhede ook “hoog aangeskrewe” wees, in jou privaat lewe (“op jou deurkosyne”) en jou openbare lewe (“op jou stadspoorte”). Die waarheid word dus oorgedra – van jou binnenste na jou beminde, en dan na die buitewêreld.

Kinders grootmaak as die maak van dissipels

Lees Genesis 18:18, 19 en 1 Samuel 3:10-14. Vergelyk dié twee pa's met mekaar en let op die kontraste. Wat was die gevolge van elkeen se benadering tot kinderopvoeding?

Dit is die ouers se verantwoordelikheid om dissipelskap by die kind aan te wakker, sodat hy of sy eendag sal kies om een te wees. Party ouers meen dat lyfstraf die regte manier is om 'n kind te leer en op die regte paadjie te hou. Hoe meer pak slae, hoe beter – dit is hoe hulle redeneer (*Prov. 22:15, 23:13, 29:15*). Skrifgedeeltes soos dié word dikwels verkeerd vertolk, met die gevolg dat kinders gemishandel en tot algehele onderdanigheid gedwing word. So het baie kinders dan teen hul ouers en teen God gedraai. Die Bybel leer dat ouers hul gesag oor die kind op 'n goeie manier moet uitoefen (*Ef. 6:4, Kol. 3:21*) en dat ons ons kinders in die weë van geregtigheid moet lei (*Ps. 78:5, Spr. 22:6, Jes. 38:19, Joël 1:3*). Ons behoort vir hulle te voorsien (*2 Kor. 12:14*) en vir hulle 'n goeie voorbeeld te stel, een wat hulle kan volg (*Gen. 18:19, Eks. 13:8, Tit. 2:2*). Ons word ook aangesê om ons huishoudings reg te bestuur (*1 Tim. 3:4, 5, 12*) en om ons kinders te dissipliner (*Spr. 29:15, 17*) maar terselfdertyd ook die liefde van God aan hulle te weerspieël (*Jes. 66:13, Ps. 103:13, Luk. 11:11*).

Ongelukkig is daar stories in die Bybel van ouers wie se pogings tot kinderopvoeding lelik misluk het. Let byvoorbeeld op Isak en Rebekka se voorttrekkery onder hul kinders – Esau was Isak se witbroodjie en Jakob Rebekka s'n (*Gen. 25:28*). Later van jare het Jakob net so gemaak, deur Josef voor te trek (*Gen. 37:3*). Dan is daar ook Eli. Hy was 'n godsdienstige leier. Tog het hy in gebreke gebly om sy kinders tereg te wys (*1 Sam. 3:10-14*). Samuel, Eli se peetkind, was op die ou einde ook 'n swak pa (*1 Sam. 8:1-6*). Let ook op Dawid se swak voorbeeld – sy owerspel en die moord op Urija – en hoe dit die opvoeding van sy kinders in die wiele gery het. Om nie eers te praat van Manasse en Agas nie, beide konings wat hul kinders aan demone geoffer het (*2 Kon. 21:1-9, hfst. 16:2-4*). Gelukkig bevat die Bybel ook darem suksesverhale in dié verband. Mordegai was 'n wonderlike aanneemouwer vir Hadassa, oftewel koningin Ester (*Ester 2:7*), en Job het sonder ophou vir sy kinders gebid (*Job 1:4, 5*). Nietemin kan 'n mens uit al hierdie voorbeelde – die goeies én die slegtes – lesse oor kinderopvoeding leer.

Watter lesse leer 'n mens uit die onderskeie bybel-ouers se suksesse en mislukkings? Hoe kan 'n mens daardie beginsels aanwend wanneer jy met ander mense se kinders te doen het?

Die stryd om jou afgedwaalde kind

Lees Spreuke 22:6. Hoe verstaan jy dié skrifgedeelte? Kyk na die uitkoms waarvan dié teks praat. Het ons hier 'n waarborg of 'n belofte of 'n waarskynlike uitkoms?

Soms doen ouers alles reg – hulle bring tyd saam met die kind deur, leef volgens die lig tot hul beskikking, stuur die kind na 'n privaat skool, gaan gereeld kerk toe, betrek die hele gesin by sendingprojekte – en dan raak daardie kind steeds afvallig. Die pyn wat dit bring, is byna onuithoudbaar. Voortdurend bekommer die ouers hulle: “Is my kind gered?” Tog is dit nie noodwendig die ouers se skuld nie. Kinders volg hul eie koppe en moet self die gevolge van hul keuses dra. Party beskou die sinsnede, “dan hou hy aan om so te lewe, ook wanneer hy oud geword het” (ABA), as 'n soort belofte, 'n waarborg dat die regte opvoeding altyd tot die kind se redding sal lei. Neem eger in ag dat Spreuke 'n mens dikwels basiese beginsels bied, en nie rotsvaste beloftes nie. Wat 'n mens wel uit hierdie teks kan leer, is die sekerheid dat die lesse wat jy jou kind geleer het hulle vir die res van hul lewens sal bybly. Nietemin bereik elke kind 'n ouderdom waar hy of sy die ouers se nalatenskap aanvaar of verwerp. Ouers wat moeite gedoen het om hul kind in die weë van die Here groot te maak, het die sekerheid dat die kind altyd daardie opvoeding in sy of haar binnenste sal rondra. As die kind dan 'n ander paadjie kies, sal die saadjie wat die ouer in hom of haar geplant het aanhoudend die kind roep om terug te keer huis toe. Om 'n goeie ouer te wees, is die ouer se keuse; watter paadjie die kind inslaan, is die kind s'n.

Die vraag is net: Wat doen 'n mens as ouers wanneer jou kind wel die pad byster raak? Dra hom of haar aan die Here op. Wie het beter begrip vir jou pyn as God? Hy het miljarde kinders wat hul rug op Hom gedraai het, en Hy is die volmaakte ouer. Ondersteun die afvallige kind met liefde en gebed. Terwyl jou kind so spook met God, moet jy ook naby wees indien die vrae kom. 'n Mens moet jou ook nie skaam om vir hulp en voorbidding te vra nie. Moet ook nie jouself sit en blameer nie. Verder moet jy en jou huweliksmaat nie so behep met die afvallige kind raak dat die res van die gesin verwaarloos word nie. Die grootmaak van 'n afvallige kind kan tweespalt in die gesin bring. Jy en jou maat moet dus saamstaan en duidelike perke vir die kind stel. Onthou ook dat God se liefde vir jou kind groter as jou en jou lewensmaat s'n is. Behou dus hoop en aanvaar dat God se werk met die kind 'n voortgesette proses is.

Ouers is maar geneig om hulself vir die kind se afvalligheid te blameer. Hoekom is dit beter om eerder op die toekoms en op God se beloftes te fokus, selfs al het jy opvoedingsfoute begaan? Lees Fil. 3:13.

Vir verdere studie:

“Ouers behoort tyd opsy te sit om met hul kindertjies te praat en te bid. Niks moet daardie tydjie tussen ouer, kind en God versteur nie. Aan vriende kan julle sê: ‘God het hierdie taak aan my toevertrou, en ek kan ongelukkig nie nou sit en praat nie.’ Doen dit met die besef dat die kind op [beide] die teenswoordige en die toekomstige wêreld voorberei word. Die ouers se eerste verpligting is die jongspan” (Ellen G. White, *The Adventist Home*, bl. 266, 267). “Liewe Ouers, die opvoeding van jul kinders begin reeds in die babajare. Leer elke kind om hom of haar aan ouerlike gesag oor te gee. Doen dit deur regverdig en ferm te wees. Ouers behoort ook absolute beheer oor hul emosies te hê. Met ’n ligte dog ferm aanslag, moet hulle die kind vorm, totdat sy of haar wil met die ouer s’n strook. Ongelukkig begin ma’s en pa’s nie op die regte oomblik met hierdie vormingswerk nie. Met die eerste uitbarsting moet die ouers ingryp, maar dit gebeur nie. So word die kind hardkoppig – ’n hardkoppigheid wat al erger word soos wat die kind grootword, een wat opbou en nooit ophou nie” (Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 1, bl. 218).

Vrae vir bespreking:

1. Wat beteken dit om ’n kind van God te wees? Hoe behoort ’n mens daardie beeld te verstaan en watter vertroosting kan jy daaruit put?
2. Aangaande kinderopvoeding het ’n man eenmaal gesê: “Binne die eerste paar jaar na my kinders se geboorte het ek twee vername teologiese waarhede geleer – dat daar wel iets soos vrye wil is, en dat ons beslis met sondige neigings gebore word.” Hoe dink jy het hierdie man dié twee waarhede by babas, peuters en kleuters geleer?
3. Wanneer is die regte tyd “om die boompie te begin buig”? Hoe doen ’n mens dit? Hoe kan die kind se wil onderdanig aan God en sy plan gestel word as die ouers nog nie hulle eie wil deur God laat vorm het nie?
4. Oordink ’n bietjie die enkelouer-vraagstuk. Op watter konkrete maniere kan die kerk saamstaan en die enkelouer help, insluitende die kind of kinders wat daardie ouer alleen probeer opvoed?
5. Op watter maniere kan ouers wie se kinders afvallig geraak het, bemoedig word?